Instagram YouTube Twitter Facebook www.afriforum.co.za

AfriForum

# ForuM

www.forumtydskrif.co.za | September 2017

AfriForum Tydskrif



# STAAN SAAM

**Knysna**
AfriForum staan gemeenskap by

**AfriForum dien**
bedrogklagtes teen munisipaliteite in

**Meyer le Roux**
oor Afrikanerskap

**Teenboelieveldtog**
in skole

**AfriForum-takke**
gaan van krag tot krag

ISSN 2313-1144

9 772313 114002

R15,95 (BTW ING.)
Gratis aan lede

**Projek 200 000**

Forum 11-Final.indd 1 2017/09/11 4:25 PM



# Wees 200 000 sterk!

Kallie Kriel – uitvoerende hoof van AfriForum

@kalliekriel

Jy gaan binnekort nóg sterker wees, 200 000 sterk om presies te wees! Hiermee word natuurlik na AfriForum se ledetal verwys – indien die organisasie teen sy huidige tempo aanhou groei, sal hy die 200 000-ledekerf voor die einde van 2017 verbysteek.

Die slagspreuk "Wees 200 000 sterk!" is dus heel gepas vir die veldtog om 200 000 lede te bereik, aangesien dit AfriForum se lede is wat die organisasie én mekaar sterker maak.

Baie mense raak moedeloos wanneer hulle na alles kyk wat in die land skeefloop, veral omdat hulle voel dat hulle as individue magteloos is om iets aan die situasie te doen.

Mense kan egter hoop skep uit die feit dat ons saam suksesse kan bereik waartoe ons as individue nie elkeen op ons eie in staat is nie.

Hoewel die 200 000-ledekerf 'n baie belangrike mylpaal vir AfriForum is om te bereik, moet ons onthou dat die werf van nuwe lede nie 'n doel opsigself is nie, maar eerder 'n middel tot 'n doel.

AfriForum se doelwit is en bly om te help verseker dat Afrikaners, Afrikaanssprekendes en minderhede oor die algemeen blywend vry, veilig en voorspoedig aan die suidpunt van Afrika kan voortbestaan. Om hierdie doelwit suksesvol te bereik, is dit egter baie belangrik dat AfriForum so sterk moontlik moet wees.

Ná die totstandkoming van AfriForum se privaat vervolgingseenheid onder leiding van adv. Gerrie Nel was daar enkele kommentators wat bespiegel het oor hoe AfriForum dit regkry om dié en talle ander aksies te finansier. Sommige het aangevoer dat AfriForum vanuit die buiteland gefinansier word, terwyl ander weer vermoed het dat die geld van Suid-Afrikaanse besighede afkomstig is.

Hierdie kommentators het egter die krag van die gemeenskap onderskat, aangesien AfriForum se veldtogte en ander werksaamhede byna uitsluitlik deur lede se ondersteuning moontlik gemaak word. Dit dien as bewys dat byna 200 000 mense wat saamstaan en elk hul deel doen, sáám kan bereik wat baie gedink het onmoontlik is.

In hierdie uitgawe van *Forum Tydskrif* verskyn talle artikels wat 'n oorsig bied van AfriForum se onlangse suksesse. Addisionele inligting oor AfriForum se aktiwiteite verskyn op ons webtuiste by **www.afriforum.co.za**.

Indien jy dit lees kan jy gerus die suksesse vir jouself toeëien, aangesien dit jy is wat saam met ander lede die suksesse moontlik gemaak het. Jou en ander se steun maak dit vir ons moontlik om van die beste regsverteenwoordigers en kundige en energieke personeel en vrywilligers se dienste gebruik te maak. Dít tesame met die hope genade wat ons van Bo ontvang, is 'n wenresep.

Baie, baie dankie vir die rol wat jy as lid hierin speel.

Die 200 000-ledekerf is egter nie die einde van die pad nie, maar slegs die einde van die begin. Die tempo waarteen die regerende party se agteruitgang op talle terreine plaasvind, vereis dat AfriForum selfs méér sal moet doen as wat ons tans doen en nóg vinniger alternatiewe oplossings tot stand sal moet bring. Om dit reg te kry, sal AfriForum nog sterker móét word.

Ons nageslagte vereis van ons om verantwoordelikheid vir ons tyd te aanvaar, nie moedeloos te word nie en met roepingsgedrewenheid en energie die bul by die horings te pak.

Kom ons pak die toekoms saam aan, want sáám is ons sterker, 200 000 sterker!




## JY KAN HELP!

Jy kan natuurlik help deur AfriForum en ook jouself as lid nog sterker te maak deur jou vriende en familie aan te moedig om ook by die burgerregte-organisasie aan te sluit. Hulle kan dit doen deur hul naam na 32077 te SMS (R1) of deur 'n blitsaansluiting by die webtuiste **www.afriforum.co.za** te voltooi.